**28 OKTOBER 2014**

**KOMMUNIKASIE AAN HS BELEGGERS**

**ORTHOTOUCH BEPERK / HS BELEGGERS**

1. Ons verwys na skrywes wat aan ons gestuur word deur HS Beleggers op grond van advies wat aan hulle gegee word deur ‘n groep waarvan die persoon wat die proses klaarblyklik aanbeveel in Bloemfontein gebaseer is (“die standaard skrywe”).
2. Geliewe daarop te let dat die dokumentasie wat aan u gestuur is ingevolge die bepalings van Artikel 155 van die Maatskappye Wet, 71 van 2008 (“die Wet”) al die inligting bevat wat statutêr vereis word om aan krediteure verskaf te word ingevolge Artikel 155 van die Wet (“die dokument”). Die skakel na die webblad waar die dokument besigtig kan word, word vir goeie orde weer in paragraaf 13 hieronder verskaf.
3. Die meerderheid van die vrae wat in die standaard skrywe aan ons gevra word, word volledig aangespreek in die dokument.
4. Ons is nie van voornemens om deur enige partye onder kruisondervraging geneem te word op inligting wat alreeds by herhaling verskaf is nie en ons versuim om op enige bewering te reageer moet nie as ‘n aanvaarding van die korrektheid daarvan beskou word nie. Die meerderheid van die antwoorde op die sogenaamde “vrae” is egter ook aan die mense wat die proses beheer bekend omdat hulle dit al telkemale met die skrywer bespreek het en dit was ook by ‘n

vergadering by skywer se kantore in Augustus aangespreek, maar, klaarblyklik weens ‘n mate van moedswilligheid, wil die persone nie die inligting met u deel nie en wil hulle eerder probeer om die proses administratief so moeilik as moontlik te maak.

5. Onder omstandighede waar finansiële adviseurs/makelaars beleggers op ‘n roekelose wyse versoek om op hierdie manier op te tree neem ons kennis. Hulle kan u egter dalk meer skade as goed doen.
6. Ons wil u baie vriendelik versoek om deeglik te besin oor die manier hoe u die aangeleentheid hanteer aangesien die gevolge van die mislukking van die hele proses kan lei tot ‘n likwidasie wat presies is wat hierdie mense wil hê.
7. Die rede hoekom ons dit sê is omdat ons is bewus daarvan dat sekere van die groeperinge, wat in die dokument as “detractors” beskryf word, daarop uit is om deur middel van ‘n groep beleggers ‘n poging aan te wend om die verwerping van die reëlingskema teweeg te bring sodat hulle die hele proses kan oorneem deur middel van ‘n likwidasie.
8. Dit is selfs teenoor sekere mense genoem dat van die rolspelers alreeds gesprekke met voorgenome insolvensiepraktisyns gevoer het en dat daar aan hulle belowe is dat hulle selfs hul hande op van die bates van Orthotouch sal kan lê.
9. Die rekord sal in die volheid van die tyd aandui wie presies deel van die proses gevorm het en indien dit op ‘n likwidasie uitloop sal die hierdie rekord uit die aard van die saak vanself spreek.
10. Diegene wat deel vorm van die proses doen dus so op hulle eie risiko. Individue wat die ontsporing van die proses aangehelp sal dalk verantwoordelik gehou word.

11. U moet derhalwe baie versigtig wees dat u nie hier as ‘n pion gebruik word om ‘n proses wat ander mense se agendas aanhelp aan te blaas nie.

12. Ons vertrou dat u die inhoud van hierdie skrywe baie deeglik sal oorweeg.

13. Soos in paragraaf 2 hierbo genoem word was daar verlede Maandag deur Orthotouch ‘n nuwe dokument gestuur ingevolge die bepalings van Art 155 van die Maatskappyewet wat op die volgende skakel gevind kan word:

    http://www.corprecover.co.za/pdffiles/ORHOTOUCH%20SCHEME%20OF%20ARRANGEMENT%20-%2020%20OCTOBER%202014.pdf

14. Ons heg ook ‘n pro forma berekening wat deur ‘n finansiële persoon gedoen is op grond van die drie alternatiewe opsies soos in die dokument vervat is.

15. Onder omstandighede waar **12 November 2014** die datum is waarop HS beleggers stemme moet uitbring stel ons voor dat u behoorlike advies inwin aangesien ons nie van voornemens is om as adviseurs op te tree nie en nie in ‘n posisie is om aan beleggers enige ander aanbevelings te maak nie.

Groete,

**JF KLOPPER**

**ONDERNEMINGSREDDINGSPRAKTISYN VAN HS 15 -22 BEPERK**

**(Elektronies versend en derhalwe nie geteken nie)**